

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGawe OP GESAG

R0,30

Monday 4 September 1989

WINDHOEK

Maandag 4 September 1989

No. 5796

## CONTENTS:

## INHOUD:

Page

Bladsy

### GENERAL NOTICE

No. 111 Agreement of procedures in connection with the registration of political organizations .....

1

### ALGEMENE KENNISGEWING

No. 111 Ooreenkoms oor prosedure in verband met die registrasie van politieke organisasies .....

1

## General Notice

## Algeme Kennisgewing

No. 111

1989

No. 111

1989

### AGREEMENT ON PROCEDURES IN CONNECTION WITH THE REGISTRATION OF POLITICAL ORGANIZATIONS

### OOREENKOMS OOR PROSEDUREN IN VERBAND MET DIE REGISTRASIE VAN POLITIEKE ORGANISASIES

It is hereby made known for general notification that the Administrator-General and the Special Representative appointed by the Secretary-General of the United Nations have agreed on procedures in connection with the registration of political organizations in terms of the Registration of Political Organizations (Constituent Assembly) Proclamation, 1989 (Proclamation AG. 43 of 1989), as set out in the letters exchanged between the said Special Representative and the Administrator-General and contained in Schedules A and B, respectively.

Dit word hierby vir algemene kennis bekend gemaak dat die Administrateur-generaal en die Spesiale Verteenwoordiger aangewys deur die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies oor procedures in verband met die registrasie van politieke organisasies ingevolge Proklamasie op die Registrasie van Politieke Organisasies (Grondwetgewende Vergadering), 1989 (Proklamasie AG. 43 van 1989), ooreengekom het soos uiteengesit in die brieve verwissel tussen genoemde Spesiale Verteenwoordiger en die Administrateur-generaal en, onderskeidelik, in Bylae A en B vervat.

## SCHEDULE A



1 September 1989

Dear Mr. Administrator-General,

In connection with the impending promulgation of the Registration of Political Organizations (Constituent Assembly) Proclamation 1989, I would like to state the following:

1. In accordance with relevant decisions of the Security Council, in particular, resolutions 431 (1978) of 27 July 1978, 435 (1978) of 29 September 1978, 629 (1989) of 16 January 1989, and also resolution 632 (1989) of 16 February 1989, free elections will be held for the whole of Namibia as one political entity to enable the people of Namibia to freely and fairly determine their own future. The elections will be under the supervision and control of the United Nations. Supervision and control in the context of the above-cited Proclamation means that the Special Representative must at each stage, level and place satisfy himself that the conduct and the procedure of the registration of political organizations are fair and appropriate. Moreover, the Special Representative will bring to the attention of the Administrator-General his comments and proposals in regard to any aspect of the process of registration of political organizations whenever he thinks that is necessary. The Special Representative shall give due consideration to the way in which the Administrator-General responds to his proposals when the Special Representative makes his final determination on the existence of free and fair conditions for the election.

2. In respect of the registration of political organizations, UNTAG personnel will be present:

The Administrator-General  
Windhoek

## BYLAE A

U N T A G  
N A M I B I ë

1 September 1989

Geagte meneer die Administrateur-generaal

In verband met die hangende afkondiging van die Proklamasie op die Registrasie van Politieke Organisasies (Grondwetgewende Vergadering) 1989, wil ek graag die volgende verklaar:

1. In ooreenstemming met tersaaklike besluite van die Veiligheidsraad, in die besonder resolusies 431 (1978) van 27 Julie 1978, 435 (1978) van 29 September 1978, 629 (1989) van 16 Januarie 1989, asook resolusie 632 (1989) van 16 Februarie 1989, gaan vrye verkiesings vir die hele Namibië as een politieke entiteit gehou word om die mense van Namibië in staat te stel om op vrye en regverdige wyse oor hul eie toekoms te besluit. Die verkiesings sal onder die toesig en beheer van die Verenigde Volke geskied. In hierdie konteks beteken toesig en beheer dat die Spesiale Verteenwoordiger hom op elke stadium, vlak en plek daarvan moet vergewis dat die uitvoering en die prosedure van die registrasie van politieke organisasies regverdig en toepaslik is. Hierbenewens sal die Spesiale Verteenwoordiger sy kommentaar en voorstelle met betrekking tot enige aspek van die registrasie van politieke organisasies onder die aandag van die Administrateur-generaal bring wanneer hy dit ook al nodig ag. Die Spesiale Verteenwoordiger sal behoorlike oorweging skenk aan die wyse waarop die Administrateur-generaal op sy voorstelle reageer wanneer die Spesiale Verteenwoordiger sy finale bepalings doen oor die bestaan van gesikte toestande vir die hou van 'n vrye en regverdige verkiesing.

2. Met betrekking tot die registrasie van politieke organisasies sal UNTAG-personeel teenwoordig wees:

- 2 -

- (a) At the offices of the Chief Electoral Officer appointed by the Administrator-General; and
- (b) At each meeting of the registration court provided for by Section 4 of the Proclamation.

3. The Administrator-General will obtain the concurrence of the Special Representative before making any appointment to the position of Chief Electoral Officer.

4. The Administrator-General will obtain the concurrence of the Special Representative before accepting or rejecting any recommendation of the registration court that a political organization be registered, or be refused registration.

5. The Administrator-General will obtain the concurrence of the Special Representative before accepting or rejecting the proposed abbreviation of the name or the symbol of a political organization.

6. I would appreciate receiving your express confirmation of your acceptance of the proposals in this letter. Upon receipt of that confirmation, I will not raise objections to the promulgation of the Registration of Political Organizations (Constituent Assembly) Proclamation 1989.

Yours sincerely,



Martti Ahtisaari  
Special Representative  
of the Secretary-General  
for Namibia

-2-

- (a) By die kantore van die Hoofverkiesingsbeampte wat deur die Administrateur-generaal aangestel word; en
- (b) By elke sitting van die registrasiehof waarvoor daar in Artikel 4 van die Proklamasie voorsiening gemaak word.

3. Die Administrateur-generaal sal die instemming van die Spesiale Verteenwoordiger verkry voordat hy enigiemand as Hoofverkiesingsbeampte aanstel.

4. Die Administrateur-generaal sal die instemming van die Spesiale Verteenwoordiger verkry voordat hy enige aanbeveling van die registrasiehof dat 'n politieke organisasie geregistreer word of registrasie geweier word, aanneem of verworp.

5. Die Administrateur-generaal sal die instemming van die Spesiale Verteenwoordiger verkry voordat hy die voorgestelde afkorting van die naam of die simbool van 'n politieke organisasie goedkeur of verworp.

6. Ek sal ontvangs van u uitdruklike bevestiging dat u die voorstelle in hierdie brief aanvaar, waardeer. Na ontvangs van sodanige bevestiging sal ek geen beswaar teen die amptelike afkondiging van die Proklamasie op die Registrasie van Politieke Organisasies (Grondwetgewende Vergadering) 1989 opper nie.

Die uwe

Martti Ahtisaari (geteken)  
Spesiale Verteenwoordiger van  
die Sekretaris-generaal vir  
Namibië

KANTOOR VAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL  
OFFICE OF THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Verw. / Ref. No.  
Tel. No. 3-6630  
Telex Nr. / Telex No. 60-900-3222

Privaatsak / Private Bag 13270  
WINDHOEK  
9000

ANNEXURE B

1 September 1989

Mr M Ahtisaari  
Special Representative of the  
Secretary-General for Namibia  
Troskie Building  
WINDHOEK  
9000

Dear Mr Ahtisaari

I acknowledge receipt of your letter of 1 September 1989 in connection with the impending promulgation of the Registration of Political Organizations (Constituent Assembly) Proclamation 1989, and confirm that it is in accordance with our discussions, and that I am in agreement with the contents thereof and accept the proposals contained therein.

Yours sincerely

*Lars Pienaar,*

L A Pienaar  
ADMINISTRATOR-AGENERAL

KANTOOR VAN DIE ADMINISTRATEUR-GENERAAL  
OFFICE OF THE ADMINISTRATOR-GENERAL

Verw. / Ref. No. 10/2/1/2/23  
Tel. No. 3-6630  
Telex Nr. / Telex No. 50-908-3222

Private Bag / Private Bag 13278  
WINDHOEK  
9000

BYLAE B

1 September 1989

Mnr M Ahtisaari  
Spesiale Verteenwoordiger van die  
Sekretaris-generaal vir Namibië  
Troskie-gebou  
WINDHOEK  
9000

Geagte mnr Ahtisaari

Ek erken ontvangs van u skrywe van 1 September 1989 in verband met die hangende amptelike afkondiging van die Proklamasie op die Registrasie van Politieke Organisasies (Grondwetgewende Vergadering) 1989, en bevestig dat dit ooreenstem met ons gesprekke en dat ek akkoord gaan met die inhoud daarvan en die voorstelle daarin vervat, aanvaar.

Die uwe

Louis Pienaar (geteken)  
L A Pienaar  
ADMINISTRATEUR-GENERAAL